
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag is die draer van die nuwe Afrikaanse gedagte.*

# Die O.B.



*Die partystelsel is produk van die ou Britse gedagte.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 18 FEBRUARIE 1942. No. 15.

## Uur van Keuse tussen Oue en Nuwe het Aangebreek

### Ossewabrandwag Geroepe om Vennootskap van Geldmag en Partypolitiek te Breek

**Genl. J. A. Smith, Asst.-Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, reik die volgende verklaring uit:**

Die Afrikanerdom het nou die kritiekste tydstip van sy bestaan en die uur van sy lotsbeslissing ingetree.

**Die uur van keuse in die stryd tussen twee regstreeks teenoormekaarstaande ideale en lewensbeskouings het aangebreek.** Dis 'n onweerlegbare feit dat alle magte tot verbrokkeling, en daarby onderdrukking van die volksgees, teen die Afrikanerdom, saamgesnoer in die republikeinse volksbeweging, ingespan word. **In een front saam met die aartsvyand Imperialisme en Kapitalisme staan nou party-politici en hul liberalisties-demokratiese gesindheid in slagorde opgestel met die oog op uitdelging van die volksbeweging; tot so 'n mate dat dr. Malan, een van die leiers van party-politici, lede van hierdie beweging tot ,,rampokkers" verklaar het wat uitgewis moet word.**

Die Ossewabrandwag, dié republikeinse organisasie van die Afrikanerdom, is met die woede van paniek deur die Regering en sy satelliete, die Waarheidsleër, die Jingo-pers, die lokvinke en provokateurs aangeval. **As bondgenote in hierdie optrede het veldmaarskalk Smuts verkry die H.N.P.-leiers met hul handlanger, die Nasionale Pers, deur wie die stryd nie minder heftig of minder meedoënloos of op minder lae peil gevoer word nie.**

Totnogtoe het die Ossewabrandwag geweier om aanvallend op te tree teen mede-Afrikaners. Hierdie tegemoetkoming is aangesien vir swakheid en Afrikaner-eenheid het nie daarby die minste baat gevind nie, maar moes inteendeel verder ly onder die onbeteuelde uitbarstings van die politici en hul pers wat gemeen het die Afrikanerdom se eenheid strafloos te kan vernietig. **TANS EGTER ROEP DIE OSSEWABRANDWAG HALT! Waar sy verdraagsaamheid nòg die volk nòg homself ten goede gekom het, sal hy voortaan geen jota of tittel meer toegee nie, maar met uiterste kragsinspanning die stryd aanknoop.**

Die Afrikanerdom se bevrydingsuur het aangebreek en die Ossewabrandwag is gereed om die weg aan te tree man vir man en vrou vir vrou. **As belastering, viktimisasie, internering en tronkstraf aangewend word as middele om die herrysenis van die Afrikanerdom te smoor, sal hierdie lyding erediens wees vir die Afrikanerdom.** Nie in getalle nie maar in die stoere standvastigheid van getroue harte wat geloof het in hul ideale, wil die Ossewabrandwag soek en sal die Ossewabrandwag vind onverwinlikheid in die stryd.

'n Wêreldomwenteling is aan die gang waarin die ou wêreldorde besig is om plek te maak vir die nuwe. **In hierdie omwenteling is die aanhangers van die oue met sy demokratiese regerings en politieke partye in 'n doodstryd gewikkel met die voorstanders van die nuwe.**

**Die ou orde het die gesag van die nasie misken, die karakter van die volk besoedel en die belangegebied van die nasie oopgestel as 'n jagveld vir die fortuin- en posisiesoeker, waarbinne enkelinge en partygroepe met mekaar gewedywer het in die insameling van persoonlike rykdom, mag en eer.**

**Die Ossewabrandwag is geroepe om hierdie volksgebied weer vir die Boerevolk te herwin, en het dus die eer om te wees voorvegter vir die nuwe. Dit is sy eervolle taak om die bondgenootskap tussen die geldmag en die partypolitieke mag, bygestaan deur sy pers, wat aangegroei het tot anorganiese diktature wat teer op die verdeeldheid, onkunde en armoede van die volk, te verbreek.**

**Daarom word die Afrikanervolk, gekonsolideer onder leiding van die Ossewabrandwag, nou hiermee opgeroep tot selfverdediging en oorwinning van die Afrikaanse Nasionaal-Christelike idee en ter bereiking van 'n Boere-eenheidstaat.**

Kragtens en in opdrag van die Offisiere-laer verlede Oktober te Bloemfontein gehou, is die Ossewabrandwag omskep tot 'n breëre republikeinse volksfront waarby nou ingeskakel word alle volkskragte wat tot hiertoe buite die kommando-indeling gestaan het om ingewerp te word in die stryd teen die onderdrukkings -en volksverdelende beleid van die aanhangers van die verrotte demokratiese partystelsel. **Hierdie oproep geld alle Afrikaans-nasionaalgesinde persone om hulle by die republikeinse volksfront van die Ossewabrandwag sonder verwyl te voeg.**

Hierdie persone word nou met die oog op hul verskillende invloedsfere en werkkringe op alle terreine van die volkslewe genader om ingedeel te word in vertakkings waaruit die Gemeenskapsraad van die volksfront sal bestaan, te wete: (a) Volksbeleid, (b) Volkskultuur, (c) Volkswelsyn, (d) Volksjeug, (e) Volksekonomie. (f) Volksvoorligting, met die Grootraad as uitvoerende bestuur waarop hierdie vertakkings onder leiding van die Kommandant-generaal verteenwoordig sal wees.

Laat ons in geslote gelede opruk ter verwesenliking van ons vryheid onder ons leuse: MY GOD, MY VOLK, MY LAND SUID-AFRIKA.

## HELP U MAKKERS WAT GETREF WORD

### Bevel Insake Vryheidsdag

In 'n bevel wat deur die Assistent-kommandant-generaal van Kaapland uitgereik is, word 'n baie mooi wenk in verband met die viering van Vryheidsdag op 27 Februarie aan die hand gedoen. Die bevel lui dat by hierdie geleentheid die aanwesiges gevra moet word om onmiddellik nadat elkeen sy stukkie hout op die vuur gegooi het as bewys van sy gelofte om die vryheid te help verwesenlik, sy bydrae tot noodleniging van die geïnterneerdes se afhanklikes in 'n kissie of iets soortgelyks wat naas die vuur op 'n tafel staan en deur twee Penkoppe bewaak word, te gooi.

Die Ossewabrandwag is aan die stormloop. Op 27 Februarie gaan hy die Afrikanerdom in gelid opstel met die oog op die verkryging van sy vryheid. In die geskiedenis sal hierdie gebeurtenis aangeteken staan as net so 'n plegtigheid as Paardekraal in 1880.

In hierdie stormloop het baie Afrikaners reeds geval en nog baie meer sal val as offers vir daardie vryheid. Manne wat vandag in die interneringskampe sit, is Afrikaners wat op die pad van vryheid hul offers gebring het. Dit is omdat hulle doelbewuste Afrikaners is dat hulle vandag daar sit. Laat ons dan dink aan diegene wat saam met ons storm, maar deur die Imperialistiese magte getref word.



# Uitdelging van Afrikaners Sy Finale Doel

## Partystelsel Dwing Dr. Malan tot Tragiese Optrede

,,Nou het die tyd aangebreek om te veg." So het dr. Malan sy volgelinge aangespoor tot optrede in sy jongste toespraak op Piketberg. Die ,,volksleier" het hiermee die volk opgeroep tot 'n aksie wat hy vergelyk met die insameling van die oes wat in die Bybel van gemeld word. **Hierdie optrede moet dus die hoogtepunt wees van die Herenigde Party se kragsinspanning en die ,,eindgerig" teen sy vyande.**

Teen wie is hierdie optrede gerig en wie is die vyande wat nou van die koring geskei en verbrand moet word? Die Empire? Nee! Veldmaarskalk Smuts se Party? Nee! Die kapitaliste? Nee! Die Afrikaanssprekende jingo's? Nee!

**Die vyand teen wie die swaard getrek word, is die republikeine van ons volk binne sowel as buite die Herenigde Party!** Dit is die manne wat bereid is om alles op te offer vir die vryheid van ons volk. En die rede vir hierdie burgeroorlog? Omdat 'n deel van hierdie republikeinse ,,onkruid" nie meer glo dat 'n produk van die Britse demokrasie — die partystelsel — in staat is om ons vryheid vir ons te bring nie. Dit is die sonde wat hulle begaan het, en daarom ag die Partyleier dit sy hoogste en finale roeping om die krag van sy party uit te woed teen hierdie Afrikaanse vryheidsgesindes.

'n Ander deel van die republikeine is versigtig van geaardheid en hulle wou nie die Party verwerp vir die nuwe wapen nie, hoewel hulle ook nie die nuwe wapen wou los nie. **Dit is die manne wat lid was van albei organisasies.** Hulle het gemeen dat dit die regte beleid is om te probeer die vryheid langs twee weë te verkry: Langs die weg van partypolitiek, of langs die weg van volksorganisasie en volkseenheid. **Hierdie reg om twee wapens in die hande te hou, is hulle ook ontsê en diegene wat weier om die nuwe wapen weg te gooi, word nou ook beskou as onkruid wat van die koring geskei en vernietig moet word!**

Die partystelsel was nog altyd 'n vloek vir ons land. Dit het net verdeeldheid bewerkstellig tussen Afrikaners, en die goed wat dit gedoen het, was so gering dat dr. Malan self op 14 November in die Paarl moes erken dat **,,in eleksietye moet ons vandag nog veg vir dinge wat in ander lande as vanselfsprekend beskou word."** (Die Burger 15 Nov.)

**Met hierdie wapen waarmee ons volk veertig jaar lank vergeefs geveg het en die vanselfsprekendste dinge nog nie verkry het nie, hoop dr. Malan om die Boerevryheid te verkry.** In plaas van hierdie wapen — in sover dit nog as 'n wapen beskou kan word — teen die vyande van ons vryheid te gebruik, **word dit nou gebruik om mede-republikeine te vernietig — nee meer nog, om mede-partygenote wat republikeine is, te vernietig!**

Hierdie wapen kan egter alleen met welslae aangewend word om mede-Afrikaners te verdeel en te vernietig waar daardie Afrikaners ook gebruik maak van hierdie verrotte partystelsel. Binne die Ossewabrandwag is die volk egter in staat om die aanvalle van hierdie Britse produk af te weer en ondanks die laakbaarste metodes van partypolitici tog die vryheid te bring wat 'n einde sal maak aan hierdie ewige getwis oor die vraag wie die republiek moet bring.


# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



KAROO-MIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN

KAROO-KRAALMIS

1 ton en meer .. .. .. .. 27/-
20 ton en meer .. .. .. .. 26/-
40 ton en meer .. .. .. .. 25/-
In klante se sakke .. .. .. .. 18/-

Bostaande pryse per ton van **twaalf** goeie sakke, gelewer Uniestasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaal, spesiaal voorberei vir enige kunsmistoestel. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld; geen onkruid. Monsters op aanvraag. Beste gehalte onbewerkte mis 8/6 per ton, £4-13-6. ES trok gelewer aan bona fide boere. Onmiddellike aflewering.

. K.m.b. of k.b.a.

B. J. ROODE,

Posbus 15, KLIPPLAAT.



DIE VOORTREKKERWINKEL

Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.

Voorsien u van alle

KRUIDENIERSWARE

VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.


# BRAAIVLEISAAND

MALMESBURY VROUE- EN MANSKOMMANDO'S

op

## SATERDAG, 21 FEBRUARIE 1942

om 6 n.m.

IN DIE SPORTSGRONDE

Deel van die opbrengs sal aangewend word ten behoewe van ons geïnterneerde broers.

By die geleentheid sal die Vryheidsvlam wat by Majubaberg aangesteek is en wat deur die Jeugfront vanaf Kaapstad vervoer is, ingewag word.

*SPREKERS:*

**Genl. mev. dr. J. S. du Toit.**

Alle O.B.-Kommando's en Vriende word hartlik hierheen uitgenooi. Laat ons die vlam van Vryheid brandend hou!


105 Takke 40,000 Lede AVBOB Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE



DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

# Oorsig van die Oorlog

Terwyl die Russiese winter 'n grootskaalse bewegingsoorlog tussen Duitsers en Russe onmoontlik maak, is dit in die tropiese dele van die Verre Ooste waar die stryd met versnelde tempo die een onaangename verrassing na die ander lewer. Dit is nou ongeveer twee maande dat Japan 'n oorlogvoerende geword het. Gedurende hierdie tyd is die Britte uit hul honderdjarige strategies-belangrike voorpos Hongkong verdryf en moes hul ook die besonder ryk en waardevolle Maleise Skiereiland ontruim. Vandag staan die Japanners reeds op Singapoer. Singapoer, wie se oninnoembaarheid al spreekwoordelik geword het, is nie alleen die belangrikste Britse skakel in die Verre Ooste nie wat saam met Hongkong en Port Darwin (Noord-Australië) die driehoekige vlootsteunpunte van Brittanje in daardie belangrike deel van die wêreld uitmaak nie, maar dit is ook die vesting wat die vernaamste seeweë tussen die Indiese en Stille Oseane beheers. Indien Singapoer deur Japan verower sou word, sal dit vir Brittanje een van die ernstigste nederlae wees wat hy al gedurende hierdie oorlog gely het.

Japan het egter nog ander ysters in die vuur. 'n Deel van Birma is reeds in Japanse besit en die strategies-belangrike hoofstad Rangoen, die uitgangspunt van die Birma-pad waaroor Brits-Amerikaanse krygstuig na die Chinese bondgenoot vervoer kan word, word bedreig. Wat meer is, Japanse vordering in Birma kan selfs 'n daadwerklike gevaar vir Indië uitmaak. Verder het die Japanners reeds byna die hele Filippynse gebied van die Verenigde State verower hoewel generaal McArthur nog dapper weerstand bied. Selfs die Hollandse koloniale ryk in Oos-Asië word vandag ernstig bedreig. Verskeie Hollandse besittings is reeds in Japanse hande. Hierdie Japanse voormars geskied aan 'n geweldige front wat byna so lank is as die afstand tussen Kaapstad en Kairo. Die verloop van die oorlog in die Verre Ooste moet vir diegene, wat enige maande gelede die mond vol gehad het van Japanse swakheid en Amerikaans-Brits-Hollandse voorbereidheid en krag, 'n wrede ontnugtering wees. Die noodkrete uit Australië bewys dit.

En wat is daar gedoen om hierdie Japanse gevaar te keer? Tot nogtoe nie veel nie, behalwe 'n gepraat oor astronomiese Amerikaanse bewapeningsyfers en 'n propagandistiese wensdenkery. Daar is nog veels te veel van die volstruispolitiek. Selfs Amerika en Brittanje met hul geweldige hulpbronne sal moet ontdek dat die oorlog in die Verre Ooste geen koloniale oorlog is nie, dat tyd en nie slegs dollars nodig is om slagvaardige strydmagte op te bou nie en dat daar belangrike geografiese faktore ten gunste van die naby-geleë Japan is waarsonder die verafgeleë Brittanje en Amerika sal moet klaarkom.

Wat die Noord-Afrikaanse oorlogstoneel betref, daar het ons wel die wederopstanding van die verpletterde Rommel beleef, en hoe onaangenaam hierdie gebeurtenis ookal vir sy teenstanders mag wees, is dit te betwyfel of die Spilmagte na die Nylvallei sal voortdring en of die Britte Tunisië sal bereik. Klimaatstoestande in Noord-Afrika sal binne 'n maand of wat enige grootskaalse oorlogvoering daar onwaarskynlik maak.

In Rusland word daar nog altyd bitter hard geveg met die Russe as die aanvallers. Hoewel Stalin se mense heelwat wintersuksesse behaal het en nog behaal, wil dit skyn asof hierdie suksesse, meesal van lokale aard, nog nie van beslissende aard is nie. Dit is duidelik dat die Russe hulle sal moet haas indien beslissende resultate bereik moet word, want oor 'n maand of wat begin die sneeu te smelt en dan sal 'n bewegingsoorlog moeilik wees. In die lente en somer sal die stryd dan 'n ander karakter aanneem, aan die verloop waarvan alleen die profeet hom sal waag.

J. A. W.

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

VOLKSKAS IS U EIE BANK!
*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

Vryheidsdag!!
*Die Velddrift - Aurora Kommando's vier*
VRYHEIDSDAG
*op die heuwel van*
DE PLAAT
Alle omliggende Kommando's word hartlik uitgenooi.
Die verrigtinge begin om 2.30 n.m., wanneer daar wors, beskuit, koek, waatlemoen, warm- en koeldranke verkoop sal word. Volkspele en jukskei sal tot 7 n.m. gespeel word.
Bring bekers saam.
VRYHEIDSDAG-PROGRAM
begin om 7.30 n.m.

SASBANK
Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....
LENINGS vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.
LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.
Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.
SASBANK
is 'n kind van die Volk en dien die Volk.
*Raadpleeg Sasbank.*
PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.
KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.
WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

SKOUBURG
Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Ons is die enigste Afrikaans Skouburg in Kaapstad.
Ons Hoofprent — SAT. 21 Feb.
„DOOMED TO DIE"
met Boris Karloff.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

O.B. - Skryfblokke
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
*VOORSLAG (EDMS.) BPK.,*
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

DIE O.B., WOENSDAG, 18 FEB. 1942.

# Wie Dobbel?

In sy hoofartikel skryf Die Burger van 9 Februarie dat die Ossewabrandwag besig is om met die volk se toekoms te dobbel omdat hy dan glo op 'n Duitse oorwinning hoop. ,,Hierdie mense is besig om met die Afrikanervolk se toekoms te dobbel. In die eerste plaas is dit 'n dobbelspel om daarop te bou dat die Duitse oorwinnaar — indien hy die oorwinnaar is — 'n republiek present sal gee aan 'n Suid-Afrika waarvan die republikeinse volksdeel hopeloos verdeeld is. In die tweede plaas erken die mense self dat hul spel verlore sou wees indien Duitsland nie 'n algehele oorwinning behaal nie.'' Aldus die blad.

Ons glo nie dis nodig om in te gaan op die bewering dat die Ossewabrandwag sy hoop uitsluitlik op 'n Duitse oorwinning vestig nie. Maar te oordeel na die Partyleiding se optrede bou **hulle** net op 'n **Britse** oorwinning. Voordat Rusland met sy winteroffensief begin en die Duitsers op verskeie plekke teruggedruk het, het die Partyleiers volgehou dat Engeland die oorlog klaar verloor het. Dr. Malan het toe by verskeie geleenthede beklemtoon dat ons republiek sal kry deur onderhandeling by die vredestafel. **Met ander woorde, ons sou ons republiek present gekry het, en van ons kant hoef ons niks te gedoen het nie.**

Toe dit vir hierdie mense met hul skrale militêre kennis egter begin lyk of Duitsland dalk nie die oorwinnaar gaan wees nie, het hulle 'n ander deuntjie begin sing. Toe word aan die volk gesê dat ons ons vryheid langs die weg van Ierland moet verkry, d.w.s. deur middel van die stembus. **Maar in dieselfde asem waarsku dr. Malan die Regering teen sy voorneme om twee miljoen Engelse ná die oorlog in te voer om die Afrikaners te kom toeploeg.**

Volgens dr. Malan se eie voormalige uitsprake sal 'n oorwinnende Duitsland ons 'n republiek geskenk het, mits ons 'n verenigde volk was. In die lig hiervan wil dit dus voorkom of dit 'n groter dobbelspel is om vandag op 'n Britse oorwinning te bou **wat die invoer van twee miljoen Engelse in die land sal beteken wat jou republikeine gaan oorstem,** as wat dit is om op 'n Duitse oorwinning te bou **wat die skenking van 'n republiek sal beteken.**

Dr. Malan se optrede het in die lig van sy eie uitsprake ook nog in meerdere mate die vorm van 'n dobbelspel aangeneem. In sy geloof op 'n Duitse oorwinning het hy indertyd gewaarsku dat die voorwaarde vir die geskenk Afrikanereenheid is. **Sonder Afrikanereenheid, het hy gesê, sal ons ons republiek nie van Duitsland kan kry nie.** Selfs Die Burger erken nou nog in genoemde hoofartikel dat dit belaglik is om te verwag dat Duitsland 'n republiek sal gee aan 'n Suid-Afrika waarvan die republikeinse volksdeel hopeloos verdeeld is.

**Maar die partyleiers het so met die volk se toekoms gedobbel dat dr. Malan hierdie moontlikheid in die weegskaal gegooi het deur sy oorlogsverklaring aan die Ossewabrandwag. 'n Oorlogsverklaring beteken stryd, en dr. Malan, indien hy selfs maar aanspraak wil maak op die eienskappe van 'n goeie politikus, behoort te geweet het dat daardie oorlogsverklaring van hom nie groter eenheid sou bring WAAR DAAR REEDS EENHEID BESTAAN HET NIE, maar juis verdeeldheid.**

Indien Duitsland nou die oorlog sou wen en as voorwaarde sou stel dat die volk verenigd moet wees voordat hy ons die republiek skenk, sou die skuld op dr. Malan rus as ons daardie republiek nie kry nie. Die eenheid was daar, maar dit is verbreek omdat dr. Malan nie aan die hoof van die eenheid gestaan het nie. Die eenheid kon herstel gewees het, indien dr. Malan nie volhard het in sy wil om alleenheerser te wees nie — soos prof. Du Plessis in sy onlangse verklaring met verwysing tot die Nasionale Komitee aanstip: ,,Aanvaarding daarvan sou die oppergesag van die Party in die persoon van

(Vervolg aan voet kolom 3.)

# *Viering van Vryheidsdag op Majuba*

## *Program vir Drie-daagse Fees*

Die volgende is die program vir die Vryheidsfees op Majuba wat op 27 Februarie plaasvind en tot middernag Sondag, 1 Maart, duur:

### VRYDAG, 27 FEBRUARIE

**7 vm.—12 vm.:** O.B.-perdekommando verlaat die berg om die Kommandant-generaal en O.B.-offisiere van verskillende afdelings op Charlestown te ontmoet. Ontmoeting sal om 10 vm. plaasvind, waarna optog terug gaan na die feesterrein. Hierna volg laertrek, volkspele, ens.

**12—2 nm.:** Middagete, ens.

**2.30 nm.—3nm.:** Openingsrede en verwelkoming — Adv. J. D. Jerling, Asst.-komdt.-genl. (Tvl.).

**3nm.—4.30 nm.:** Boodskappe van die vier provinsies:

Kaapland: Asst.-komdt.-genl. J. A. Smith.
Transvaal: Hoof-genl. Louis Botha.
Vrystaat: Asst.-komdt.-genl. Chris de Jager..
Natal: Genl. Thos. Pienaar.

**4.30 nm.—6.30 nm.:** Optog by die Hoofkwartier verby van verskillende kommando's van die O.B. met hul kommando-vaandels.

**6.30 nm.—7.30 nm.:** Aandete.

**7.30 nm.:** Opstel van kommando's gevolg deur lees van Josua 1 verse 1 tot 11 en verse 16 tot 18; die sing van Gesang 20 vers 9 (Komt treen wy dan gemoedigd voort) en gebed.

**8.20 nm.:** Seuns en dogters van die Jeugfront bring die vryheidsvlam na die Hoofkwartier en handig dit oor aan die Offisier in bevel.

**8.30 nm.:** Die geskiedenis van Majuba — Genl. prof. A. J. H. van der Walt.

**8.50 nm.:** Fakkeldraers tree na vore, steek hul fakkels aan by die vryheidsvlam, en neem plaas om die houtstapels, gereed om op bevel die vryheidsvuur aan te steek.

**9 nm. (presies):** Die Offisier in bevel gee die teken deur 'n fluitjie te blaas en die fakkeldraers steek die vryheidsvuur aan; op dieselfde oomblik word die vuur bo op die kruin van Majuba aangesteek.

**9.5 nm. (presies):** Die Vryheidsvuur brand nou bo op Majuba sowel as deur die lengte en breedte van Suid-Afrika en die offisier in bevel blaas nou vir die tweede maal 'n fluitjie, waarop almal teenwoordig op aandag, met die offisiere op saluut, sal staan en in stille bepeinsing vir drie minute in die vuur sal tuur. (Onderwyl sal die Koor met orkes-begeleiding saggies die eerste twee verse van ,,Amajuba'' voordra.)

**9.8 nm.:** Die Vryheidsverklaring en Gelofte word voorgelees deur ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad.

As bewys van die aanvaarding hiervan en die onwrikbare wil en vasberadenheid van die teenwoordiges sal elkeen op 'n teken ordelik vorentoe tree en 'n stuk hout op die vryheidsvuur werp. Dit sal gevolg word deur die sing van die laaste vers van ons Volkslied:

,,Op u almag vas vertrouend het ons vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, O Here, om te handhaaf en te bou—
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, O Heer;
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.''

Dit sal gevolg word deur 'n gebed deur ds. S. J. Stander.

**9.45 nm.:** Toespraak — Asst.-komdt.-genl. J. A. Smith.

**11.30 nm.:** Alle ligte uit.

### SATERDAG, 28 FEBRUARIE

**6 vm.:** Koffie en boerebeskuit.

**7 vm.:** Optog na kruin van Majuba.

**8 vm.:** Oggenddiens—Genl. M. S. F. Grobler..

**8.30 vm.: Toespraak** — Die Komdt.-generaal, dr. J. F. van Rensburg.

**9.15 vm.:** Hysing van die Vierkleur en Saluut.

**9.30 vm.:** Verdaag—Terug na die feesterrein.

**10—12 vm.:** Gesellige verkeer.

**12—1 nm.:** Middagete.

**2—4 nm.:** Volkspele en gesellige verkeer.

**4—5.30 nm.:** Boodskappe van die vroue-afdelings van die vier provinsies:

Kaapland: Generale E. du Toit.
Transvaal: Generale K. Malan.
Vrystaat: Nog nie benoem nie.
Natal: Hoof-komdte. H. Steenkamp.

**5.30 nm.—6 nm.:** Hoe die O.B. Majuba ,,verower'' het — Adv. J. D. Jerling.

**6.30—7.30 nm.:** Aandete.

**8—11.30 nm.:** Rolprentvertoning, voordragte, musiek en sang.

**12 nm.:** Alle ligte uit.

### SONDAG, 1 MAART

**10—11 vm.:** Oggenddiens — Ds. S. J. Stander.

**3.30 nm.:** Kinderdiens — Dr. Rautenbach.

**8 nm.:** Gesamentlike sang, geestelike en volksliedere.

Sluitingsrede — Ds. S. J. Stander.

* * *

### *Let Wel!*

Feesgangers word versoek om veral op die volgende te let:

(a) Geen motorkar of voertuig sal gedurende Sondag, 1 Maart, toegelaat word om die terrein te verlaat voor 12-uur middernag nie.

(b) Alle nommers op die program sal stiptelik op die aangeduie tyd uitgevoer word en die aandag van sprekers word hierop bepaal.

(c) Feesgangers moet hul eie tente en beddegoed saambring. Die terrein is opgedeel in genommerde persele van 25 vt. x 25 vt. met strate tussenin; dit is raadsaam om vroegtydig persele te bespreek.

(d) Besoekers word aangeraai om sterk wandelstokke vir die bergklim saam te bring.

(e) Die pluk van blomme of die beskadiging van die plantegroei word ten strengste verbied.

(f) Daar sal 'n boete van 10/- gehef word vir die omry van enige van die hoekpenne op die persele.

## *VIERING IN KAAPSTAD*

Die kommando's van die Kaapse Skiereiland sal vryheidsdag op Bellville vier. Die vryheidsfakkel word deur hoofgeneraal F. D. du Toit van Zyl in bewaring gehou, en sal in aflosspanne van Kaapstad na die feesterrein gedra word. Die verrigtinge begin die Vrydagaand om 7.30 stiptelik, en sal net die een aand duur.

## Die Stellenbosch- en Hottentots-Holland-Kommando's

vier Vryheidsdag, 27 Februarie, op die plaas ,,Blaauwklip'' van mnr. Willie de Waal, op die Somerset-Wes-Stellenbosch-pad. (Draai uit met Stellenrust-pad.) Verrigtings begin om 7-uur n.m.

(Vervolg van kolom 1.)

dr. Malan verseker het, **en van hierdie essensiële punt wou hy geensins afwyk nie.''**

**Eenheid is blykbaar net goed solank dr. Malan aan die hoof daarvan is; om op 'n Duitse oorwinning te hoop, is blykbaar ook net goed solank dit dr. Malan is wat hoop, en . . . ons vrees 'n republiek sal ook net goed wees solank dit dr. Malan is wat dit ontvang!**

# ONVERTEERBAARHEDE IN DR. MALAN SE TOESPRAAK

IN DIE ONDERSTAANDE ARTIKELS WERP ONS DIE SOEKLIG OP DR. MALAN SE JONGSTE TOESPRAAK OP PIKETBERG. DIT TREF O.A. SAKE SOOS VERMISTE SKAKELS VAN 'N KETTING, VERKEERDE REPUBLIEKE WAT ONS DALK KAN KRY, VOORSPELLINGS OOR HERFS-OFFENSIEWE TEEN DIE OSSEWABRANDWAG (WANNEER DIT LENTE IS IN EUROPA) EN VERSIERSELS BY DIE VREDESTAFEL.

## DIE SMUTS-REPUBLIEK

In die loop van sy toespraak het dr. Malan gesê dat ons miskien 'n republiek sal kry ,,maar dit sal 'n republiek wees soos Smuts hom wil hê."

By die opening van die Parlement het dr. Malan 'n voorstel ingedien vir die stigting van 'n republiek. **Hierdie voorstel kon baie maklik deur genl. Smuts aangeneem geword het,** want sy party is in die meerderheid, en watter republiek sou ons dan gehad het? **Sou dit nie 'n republiek gewees het ,,soos Smuts hom wil hê nie?"**

Ons glo dat dr. Malan self gebid het dat genl. Smuts nie sy voorstel moes aanneem nie. **Nogtans waag hy dit terwille van propaganda vir sy party.** As daar gedobbel is met die volk se toekoms, dan was hierdie voorstel 'n dobbelspel: om iets van die Regering te vra wat jy voor jou siel weet 'n ding sal wees wat jy nie wil hê nie!

* * *

## Een Skakel Te Veel!

,,Daar word 'n ketting gevorm met verskillende skakels. Die O.B. is een. Dit skakel met adv. Pirow. Adv. Pirow skakel weer met genl. Hertzog. Genl. Hertzog skakel met die Afrikanerparty en die Afrikanerparty skakel met die Regering."

Hierdie wysgerige stelling is op bogenoemde trant deur dr. Malan ,,bewys".

Tot op die oomblik dat adv. Pirow by die opening van die Parlement **vrywillig** uit die Herenigde Party getree het, **het die Party ook met hom geskakel. Dr. Malan en sy party het dus ook deel gevorm van daardie ketting wat met genl. Smuts skakel!**

Dr. Malan beweer egter dat adv. Pirow en dr. Van Rensburg ook met Duitsland skakel. Hierdie wysheid van dr. Malan kan dus as volg verder deurgevoer word: Daar word 'n ketting gevorm: genl. Smuts skakel met die Afrikanerparty. Die Afrikanerparty skakel met genl. Hertzog. Genl. Hertzog skakel met adv. Pirow. Adv. Pirow skakel met die Ossewabrandwag. Die Ossewabrandwag en adv. Pirow skakel met Duitsland.. **Dus genl. Smuts skakel met Duitsland!**

Hierdie kant van die stelling sal dr. Malan seker in Natal gaan bewys!

* * *

## Ook Stalin Doen Dit!

Dr. Malan verwyt die Ossewabrandwag dat hy vir 'n gedwonge eenpartystelsel staan.

Wie staan vir 'n eenpartystelsel? Dr. Malan wat die Ossewabrandwag wil vernietig **omdat hy ook na 'n politieke ideaal strewe,** of die Ossewabrandwag wat die selfstandigheid van ander organisasies vir dieselfde doel erken; dr. Malan wat sy eie volgelinge **verbied om ook aan 'n ander organisasie te behoort,** of die Ossewabrandwag wat sy eie mense aanraai om lid van die Herenigde Party te bly; dr. Malan wat al sy ampsdraers **uitskop wat ook lid is van die Ossewabrandwag,** of die Ossewabrandwag wat nie omgegee het dat sy offisiere ook ampsdraers in die Party is nie?

Dr. Malan self antwoord op hierdie vraag afdoende waar hy 'n endjie verder hom as volg uitspreek: **,,Geen organisasie durf die Party wat alles wat die Afrikanerdom vandag het, in 'n stryd van jare verkry het, beveg nie. Hy verbreek die eenheid van die volk as hy dit doen."**

'n Man wat staan vir 'n gedwonge eenpartystelsel, se standpunt is dat **geen organisasie hom en sy party mag beveg nie!** En die rede daarvoor is dat dit nie in belang van volkseenheid is nie. So sê ook Stalin!

## Drievoudige Samewerking: Twee Voorspellings

Dr. Malan het sy lyf op Piketberg profeet gehou. Hy profeteer as volg: ,,Dit is dat tensy die volk sy oë oopmaak en sy plig doen, ons sal sien dat uiteindelik die O.B. met die Kakieridders sal beland in een en dieselfde kombinasie. Waarom sê ek dit? Ons is in 'n oorlog. Dié kan deur òf Engeland òf Duitsland gewen word. As Engeland wen, sal die Afrikanerdom langs die weg wat Ierland gevolg het, sy republiek moet verkry. Maar as jy hierdie samewerking het tussen die O.B. en die Regeringsparty verenig teen die Nasionale Party (die gewraakte ketting van flussies!—Red. Die O.B.), dan sal, wanneer daardie tyd aanbreek, 'n groot deel van wat in die O.B. is, by daardie Party bly."

**Wat die moontlikheid is as Duitsland wen, het dr. Malan nie behandel nie. Miskien besef hy teen hierdie tyd dat Hitler HOM nie meer sal uitnooi om die vryheid by die vredestafel te gaan ontvang nie — soos voorheen deur hom voorspel.**

**Hy bou dus nou net op 'n Britse oorwinning.** Natuurlik. Aan die Oosfront val die Duitsers nog steeds terug en vir 'n man wat nie veel van militêre sake af weet nie, lyk dit soos 'n oorwinning vir die Bolsjewiste.

Die O.B. bou weer, volgens dr. Malan, net op 'n Duitse oorwinning. As Engeland dus wen, sal die O.B. by die Regeringsparty aansluit!

Ons wil ons ook waag aan 'n voorspelling: Dit is, dat tensy die volk sy oë oopmaak en sy plig doen, dr. Malan en wat oorgebly het van sy onderleiers, saam met die Regeringsparty teen die O.B. sal veg. Waarom sê ons dit? Ons verkeer in 'n oorlog. Dié sal gewen word deur òf Duitsland òf Engeland. As Duitsland wen . . . sal daar vir die partypolitici geen hoop meer bestaan om te regeer nie. Voordat Duitsland dus wen, sal hulle hul volgelinge aanraai om die stryd teen Duitsland ,,kort en beslissend" te maak — net soos indertyd teen die Ossewabrandwag! **Duitsland sal dan net so 'n groot gevaar vir die Afrikanerdom wees as wat die Ossewabrandwag dit vandag is, want hy sal daarop uit wees om die ,,Afrikanerdom se party" te vernietig — net soos die Ossewabrandwag dit vandag doen.**

Ons het egter nie nodig om hierdie samewerking met Kakieridders te **voorspel** nie. Ons kan maar net wys op die feit dat die Kakieridders vandag die Ossewabrandwaglede by die Regering aankla en verklap. Die Partyleiding doen dieselfde. Die samewerking tussen O.B. en Kakieridders, wat dr. Malan voorspel, **bestaan dus reeds tussen die Kakieridders en die PARTY.** As die O.B. eindelik ook gaan saamwerk, d.w.s. as Engeland die oorlog wen — want dit is die voorwaarde — sal ons eenheid kry: **Samewerking tussen die Party, die Kakieridders en die Ossewabrandwag!**

* * *

## Nie Wat Hy Begeer Nie

Dr. Malan het darem so effens gesinspeel op 'n moontlike Duitse oorwinning nog aan die begin van sy toespraak. Hy het verwys na die verdeeldheid — die gevolg van die Partyleiding se oorlogsverklaring aan die Ossewabrandwag — en gesê dat ons miskien 'n republiek sal kry, **maar nie die een wat ons wil hê nie.**

Ons stem saam dat as Duitsland wen, die republiek sekerlik nie sal lyk soos wat dr. Malan hom beskryf het in sy mosie in die Volksraad nie. **Daar sal waarskynlik geen Engelse regte wees wat gewaarborg sal word nie, en bowedien sal daar ook geen partystelsel wees nie. Die republiek sal dus glad nie wees soos dr. Malan dit begeer nie.**

## Geen ,,Oestery" in Herfs Voorspel

Ons wil saam met dr. Malan nog 'n voorspelling waag. Dit is, dat tensy dr. Malan uiteindelik by die Sappe gaan beland in 'n stryd teen Duitsland, hy in die aanstaande herfs 'n beroep op die volk gaan doen om die ,,oestery" teen die Ossewabrandwag te staak. Die rede hiervoor is dat **wanneer ons herfs het, daar lente in Europa is.** Volgens die Britse pers is Hitler besig om 'n groot lente-offensief voor te berei. Of hierdie offensief gaan slaag al dan nie, is nie nou ter sake nie. **Maar vir mense wat nie veel van oorlog af weet nie, lyk 'n offensief — of dit nou 'n winter-offensief soos dié van die Bolsjewiste is, of 'n lente-offensief soos die voorgestelde Duitse, na 'n oorwinning.**

Soos ons die partypolitiek ken, sal die Partyleiers in so 'n geval weer begin met 'n eenheidsoffensief teen die Ossewabrandwag in die vorm van nasionale komitees om daardeur by ,,die oorwinnaar" die indruk te skep dat dit eintlik **hulle** is wat die volk òf verenig het òf ,,alles gedoen het om hom te verenig".

**Ons wil hulle egter waarsku dat dit wel waar is, soos een van hulle in Johannesburg gesê het, dat die volk gou vergeet, en in so 'n geval weer bereid sal wees om dr. Van Rensburg en die Ossewabrandwag-leiding as deel van die regering met ope arms te ontvang, maar ons weet nie of ,,oorwinnaars" net so gou vergeet as ons volk nie!**

* * *

## Eenheid En Aksie Vir Die Vredestafel Gereserveer

Dr. Malan het weer eens beklemtoon dat die vernaamste voorwaarde vir ons om die republiek te kry in geval van 'n Duitse oorwinning, die eenheid van die Afrikanerdom is. Wat hierdie eenheid moet doen, het hy nog nooit gesê nie. Ons weet nie of hy die Duitse oorwinnaars van die wêreld daarmee die skrik op die lyf wil jaag nie, **net so min as wat ons weet wat hy met die aksiefront by die vredestafel wil gaan maak.** Hy het mos verlede keer op die Paarl met verwysing na die Nasionale Komitee gesê dat ,,. . . as Duitsland wil weet met wie hy vredesonderhandelinge kan aanknoop, die Nasionale Komitee daar is om by die vredestafel op te tree. As so 'n Nasionale Komitee doeltreffend wil wees, moet beleid en aksie een wees."

**Maar aangesien dr. Malan eenheid slegs erken as dit binne sy Party is — want daardie eenheid was in die Ossewabrandwag en is deur dr. Malan vernietig — en hy met die aksie niks wil doen behalwe om daarmee vredestafel toe te gaan nie,** moet ons aanneem dat die enigste rede waarom dr. Malan op hierdie twee punte gesteld is, is **dat hy niemand anders dit gun nie.** Die Ossewabrandwag mag nie die volk verenig nie, dan is dit gevaarlik en breek dr. Malan daardie eenheid. So mag die Ossewabrandwag ook nie die aksiefront van die volk wees nie, want dalk doen hy daar iets meer mee as net om na 'n vredestafel te gaan, en dalk bring hy die republiek daarmee, **,,en wat bly dan vir die Party oor?"** het adv. J. G. Strydom onlangs op **Langlaagte gevra.**

Ons glo ook dat eenheid noodsaaklik is, net soos aksie, maar dan nie net as 'n versiersel vir die vredestafel nie.

## OOK HUL KIESERS

Parlementslede wat deur die Party gekies is voordat dr. Malan oorlog teen die Ossewabrandwag verklaar het, is gekies deur lede van die Ossewabrandwag. Hulle is net sowel verantwoording aan O.B.-lede verskuldig as aan die res van hul kiesers.

## VIND EKSKUUS EERS LATER

Seker die lompste poging tot selfverdediging vind ons in Die Burger van 12 Februarie waar die blad probeer ontken dat hy 'n advertensie van die Ossewabrandwag geweier het. Die ontkenning spreek reeds vir homself, en lui as volg: „Op 27 Januarie is die O.B. se boikotbrief aan die Direksie gerig. Op 2 Februarie het die bestuurder van die Nasionale Pers die volgende brief aan die O.B. gerig:

Met verwysing na u brief van 27 Januarie stuur ons hiermee die perslys terug. U dreigement van 'n boikot laat ons geen keuse nie . . ."

Hierdie antwoord moet nou dien om te bewys dat die advertensie geweier is **nadat** die Direksie die sogenaamde boikot-brief ontvang het.

Die leser sal dadelik merk dat Die Burger nie meld wanneer hy die advertensie **ontvang** het nie, maar slegs wanneer daarop geantwoord is, naamlik op 2 Februarie, hoewel hy darem die datum van afsending daarvan erken as 27 Januarie.

Die ware feit is as volg:

Op Dinsdag, 27 Januarie, voor twaalfuur die middag, is die advertensie per hand aan Die Burger afgelewer. **Dit moes in die koerant van Woensdagoggend verskyn het.** Eers daardie Woensdagmiddag is die sogenaamde boikotbrief aan die sekretaris van die Pers afgelewer — **dus nadat die advertensie reeds moes verskyn het.** Die advertensie verskyn egter nie, **en eers 'n week later, op 2 Februarie, word dit teruggestuur en geweier op grond van iets wat INTUSSEN plaasgevind het.**

## DIE KERKBODE NIE DEEL VAN TUG NIE

### Verduideliking Insake Optrede Teen Pers

In die O.B. van 4 Februarie 1942, is aangekondig dat die Ossewabrandwag gaan optree teen alle uitgawes van die Nasionale Pers. In verband hiermee het daar heelwat verwarrende gerugte ontstaan, en is heelwat valse beskuldigings gemaak teen die O.B., so b.v. is beweer dat ook teen Die Kerkbode opgetree sal word, en dit hoewel daar in die Beheerraad **spesifiek besluit is om nie teen Die Kerkbode op te tree nie.** Uitgawes van die Nasionale Pers waarteen dan kragtens die besluit van die Beheerraad opgetree moet word, is die volgende: Die Huisgenoot, Die Burger, Die Jongspan, Die Oosterlig, Die Volksblad, Die Landbouweekblad, en alle ander uitgawes in watter vorm ookal, **wat geheel en al ten voordele van die Nasionale Pers uitgegee word.** Waar skrywers uit die winste van verkoop nog voordeel trek, is sulke boeke egter uitgesluit. Publikasies vir skool of universiteitsdoeleindes is in elk geval uitgesonder, indien die studente op geen ander plek in hul behoefte kan voorsien word nie.

Die Ossewabrandwag se dryfveer vir hierdie gematigde optrede teen sekere publikasies van die Pers, is om geen skade te doen aan die Afrikaanse kultuur nie deur skrywers die inisiatief en spoorslag te ontneem om verder werke te publiseer. Die werke van private skrywers deur die Nasionale Pers gepubliseer, nie insluitlik ten voordele van die pers nie, is dus nie inbegrepe nie. Met bostaande uitvoerige verduidelikings wil die Ossewabrandwag die misverstand wat ontstaan het, uit die weg ruim.

Waar die Ossewabrandwag hom genoodsaak gevoel het om op hierdie wyse te protesteer teen die misbruik van die volk se pers teen 'n republikeinse organisasie in belang van sekere leiers, geskied dit nie sonder opoffering nie.

**'n Man wat egter die belang van die volk voor persoonlike belang en eie gerief stel, sien in sulke opofferings 'n dure plig en 'n eer.** Waar daar dus mense is wat dit 'n bietjie ongerieflik vind om nie meer elke dag hul koerant te kry nie, moet hulle weet dat daar ander saam met hulle staan wat selfs nog groter offers bring.

Dit is in die belang van ons volk en ons vryheid dat die broedertwis gestaak moet word. As hierdie tug-maatreël die enigste weg is om dit gestaak te kry, is dit 'n blymoedige offer.

## WAAR GEBOIKOT IS

Daar word vandag gepraat van 'n boikot van die Nasionale Pers deur die Ossewabrandwag en dit word as rede aangevoer waarom die stryd teen die O.B. voortgesit moet word.

Hierdie sogenaamde boikot is egter geen **oorsaak** van die stryd nie, maar 'n **gevolg** daarvan — **'n gevolg van die stryd wat teen die O.B. verklaar is van Partykant.** Hierdie stryd is mettertyd deur die Party-pers omgeskep in 'n boikot teen die Ossewabrandwag. Amptelike verklarings is vertraag of ingekort en selfs uiteindelik geweier. Briewe en berigte van lesers in belang van die O.B. is plaasruimte ontsê. Daarenteen is bedankings, geplaas van elke individu oor die lengte en breedte van die land, lede is openlik aangehits om uit die O.B. te bedank en allerlei aantygings is teen die O.B. en sy leiers verkondig. Uiteindelik is selfs betaalde advertensies van die O.B. geweier, **hoewel Afrikaanse agente nog deur die pers betaal word om advertensies by Jode en kapitaliste te gaan afsmeek.**


A BELê U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBOND-KAS BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

VLAE
Besit U 'n O.B. Vlag?
Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:

| | |
|---|---|
| Kommando Vlag | £1-15-0 |
| Motorvlag | 2-6 |
| Fietsvlag | 1-3 |

Kontant met Bestelling.
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Kamer 916, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.


*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*


DIE GOEIE HOOP
(KOöP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
V I R
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEKOOPSTE.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

ERASMUS—MARITZ.—Ons, Johanna Erasmus van Graaff-Reinet en Ben Maritz van Kroonstad, maak aan alle O.B.-vriende bekend dat ons op 7 Februarie verloof geraak het.

### HUWELIK

Laubscher—WÄRNICH. — Ons, Pieter en Marie, beide van Paarl, maak aan al ons O.B.-vriende(inne) bekend dat ons getroud is op 17 Feb. in die Noorder-Paarl Kerk.


KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD
Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

GEMAALDE KRAALMIS
VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

TE KOOP GEVRA
BASVIOOL. — Volle besonderhede, toestand, prys, ens. aan Kamer 915, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.
Vrugtebome, beroemd van Kaap tot aan Zambesi. Rose: pragversameling van kleure, — bespreek nou vir winteraflewering. Palms, Heining-, Bloekomboompies, Blomstruike nou te plant. Geïllustreerde Plantgids gratis.

Die Goue Oos Rand Lok U!!
en
Visser's-Agentskap Dien U!!
Foon 9, Eloff. — P.K. Eloff, Tvl.
en bied aan
ERWE, PLOTTE en PLASE (bebouд en onbeboud)
in en om
SPRINGS, ELOFF en DELMAS.
Ook Klein en Groot Plase (beboud en onbeboud) in die distrikte van Springs, Pretoria, Bethal, Witbank, Lydenburg, Middelburg, Tvl., ens.
Bel, skryf of kom sien my om besonderhede en Lyste van Eiendomme wat te verkoop is.
INDIEN U, U EIENDOM WIL VEKOOP
stuur my die besonderhede en ek sal dit vir u verkoop, daar ek
AANVRAAG VIR EIENDOM OP BAIE PLEKKE HET.